

DIE NUWE, VERBETERDE WETSONTWERP OP HAATSPRAAK 2018

Deur me Phephelaphi Dube: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die *Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak* (die Wetsontwerp) is onlangs in die Parlement ter tafel gelê. Dit is 'n verbeterde weergawe van sy voorganger van 2016, wat destyds in konsepvorm was. In 'n oop en demokratiese samelewing, is die vryheid om idees uit te druk belangrik, maar daardie vryheid moet deur oorwegings van ander waardes met inbegrip van waardigheid, gelykheid en vryheid gesteun word. Hierdie delikate balans word oor die algemeen suksesvol deur die Wetsontwerp bereik.

Die Wetsontwerp skep tereg die oortreding van haatmisdaad wat deur vooroordeel gedryf word. Haatmisdaad beteken dat waar 'n individu skuldig bevind word van 'n misdadige oortreding, wat deur vooroordeel of onverdraagsaamheid teenoor die slagoffer gedryf is, die bykomende aanklag van 'n haatmisdaad dan ter sprake is. Daar is voorvalle waarvoor alleweë berig word van groepe en individue wat vermoor is en aan ander leed of mishandeling blootgestel word weens vooroordeel wat onder andere deur seksualiteit of nasionaliteit gedryf word. Dit is dus belangrik dat Suid-Afrika strafwette ontwikkel om hierdie bepaalde soort misdadigheid af te skrik. Die eerste bedoeling van die Wetsontwerp is dus 'n verwelkomende ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse reg, omdat dit 'n wetgewende gat toe stop en verder as 'n afskrikmiddel vir toekomstige oortreders dien. Daar is 'n behoefte aan regsregulasie om gedragsverandering te lei.

Nuwe kategorië betreffende individue en groepe wat teen haatmisdade beskerm word, is by dié van die konsepwetsontwerp ingesluit. Dit is: ouderdom, nasionaliteit, migrant- of vlugtelingsstatus; asook politieke verband of oortuiging. Gegewe die wydverspreide xenofobiese geweld wat goed gedokumenteer is, asook politieke moorde, is dit belangrik dat Suid-Afrikaanse wette die vooroordeel en onverdraagsaamheid erken wat sodanige misdade dryf en die oortreders gevolglik straf.

Politieke verband of oortuiging is ingesluit as 'n rede vir haatmisdaad, maar is nie ingesluit as 'n rede vir haatspraak nie. Dit staan uit aangesien al die ander kenmerke onder haatmisdade opgenoem - soos ouderdom of albinisme - ook as haatspraak opgenoem word. Dit dui op 'n antwoord oor die bedenkinge voorheen geopper rakende die moontlike instelling van beledigingswette om die kritiek op hooggeplaaste politieke ampsdraers in te kort. Dit getuig ook van die belangrikheid van openbare deelname, aangesien hierdie aspek van die Konsepwetsontwerp ernstig deur burgerlike samelewing en drukgroepe gekritiseer is.

Dit is opmerklik dat die Wetsontwerp meer in ooreenstemming met die Grondwet is, namate die Grondwet sekere vorme van spraak verbied, naamlik spraak wat nadelig is of leed veroorsaak, of haat bevorder of propageer. Die Wetsontwerp gaan egter verder as die beskermde kategorië in die Grondwet soos reeds genoem, naamlik: ras, etnisiteit, geslagtilikheid en godsdiens, om 11 ander kategorië soos kultuur, gestremdheid, seksuele oriëntasie en MIV-status in te sluit. Hierdie uitbreiding van beskermde kategorië is 'n



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

regverdigbare skending van vryheid van uitdrukking, siende dat die Grondwet die beperking van regte toelaat. Sodanige beperking van regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif geskied, in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die insluiting van kategorië soos ouderdom moet verwelkom word, gegewe die kwesbaarheid van beide Suid-Afrika se bejaardes, asook kinders.

Soos met sy voorganger, maak die Wetsontwerp haatspraak strafbaar, maar dalk is dit die insluiting van die verdediging tot 'n aanklag van haatspraak wat uiteindelik die haatspraakbepalings soos vervat in die Wetsontwerp red. Verdedigings tot 'n aanklag van haatspraak erken dat in sekere konteks-spesifieke gevalle - soos kunstige kreatiwiteit, prestasie, akademiese of wetenskaplike aktiwiteit - daar toelating vir spraak kan wees wat andersins as haat ten opsigte van die Wetsontwerp sou uitgemaak word.

Sodanige verdediging sal ook beskerming bied vir godsdienstige praktyke namate sodanige praktyke "nie die verkondiging van haat wat aanhitsing om leed te veroorsaak uitmaak nie...". Die verdedigings sluit in regverdige en akkurate verslaggewing of kommentaar in die openbare belang. Dit beteken dat die waarskynlikheid dat "beledigingswette" wat gebruik word om die pers en ander media te onderdruk, laag bly en Suid-Afrika steeds kragtige vorme van uitdrukking geniet. Dit is ook in ooreenstemming met die verstandhouding dat politieke ruimtes kragtiger vorme van uitdrukking geniet as dit wat deur individue in private ruimtes geniet word.

Stellig is die mees kontroversiële aspek omtrent die Wetsontwerp die kriminalisering van haatspraak, met moontlike tronkstraf, vir 'n tydperk van drie jaar. Dit is dalk hierdie bepaling wat wenkbroue laat lig en waarde heg aan die kritiek dat die Wetsontwerp dalk ten doel het om vrye uitdrukking te ondermyn deur sodanige uiterste strafmaatreëls vir haatspraak te skep. Stellig is dit dalk die strengste vorme van haatspraak wat aan sodanige streng maatreëls onderhewig sal wees om as 'n kragtige afskrikmaatreël te dien.

Die Wetsontwerp stop nie net by die kriminalisering van haatmisdade en haatspraak nie. Dit neem die belangrike stap om die Staat (vermoedelik die regering op alle vlakke, asook eiendomme in staatsbesit) en die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) te belas om bewustheid van beide haatmisdade en haatspraak te bevorder en te bekamp. Die President word verder gelas om Kabinetslede aan te stel wat opvoedkundige en inligtingsveldtogte rakende haatmisdade en haatspraak sal uitvoer. Die betrekking van die SAMRK is 'n verwelkomende ontwikkeling, gegewe sy belangrike rol ter ondersteuning van Suid-Afrika se konstitusionele demokrasie. Mens voeg dadelik versigtige optimisme in dié verband by, in die lig van bewerings van partydigheid ten einde die afhandeling van klagtes van rassisme wat teen die SAMRK ingebring is.

Absolutiste van vrye spraak mag van die kriminalisering van haatspraak verskil en die Wetsontwerp skop as 'n voorbeeld van denkbeheer. Hierdie siening verloor dalk die gebalanseerde aard van die Grondwet uit die oog waarin meeste regte aan beperking



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

onderhewig is. Professor Elmiën du Plessis, wat vir *The Conversation* skryf, haal die filosoof Karl Popper aan in die waarneming dat:

“...unlimited tolerance must lead to the disappearance of tolerance. If we extend unlimited tolerance even to those who are intolerant, if we are not prepared to defend a tolerant society against the onslaught of the intolerant, then the tolerant will be destroyed, and the tolerance with them.”

Dalk is dit juis die paradoks wat die Wetsontwerp ten doel het om aan te pak - kragtige vryheid van uitdrukking met die versekering dat die maatskaplike karakter van Suid-Afrika ongeskonde bly.

As die Wetsontwerp goedgekeur word, sal Suid-Afrika dan aansluit by ander nasies, met inbegrip van Duitsland, Nederland en die Verenigde Koninkryk, wat sekere vorme van spraak kriminaliseer. Op sigself sal dit nie vir Suid-Afrika onreëlmatig wees om die Wetsontwerp te verorden nie. Natuurlik is die uiteindelijke toets of die Wetsontwerp wel die toenemende voorvalle van haatmisdade en haatspraak sal afskrik.